EKONOMIE HG **NOVEMBER 2006**

1. ALGEMENE OPMERKINGS

1.1 Kandidate volg nog steeds nie die eksamenvoorskrifte op die voorblad van die vraestel nie.
1.2 Kandidate moet elke nuwe vraag op 'n NUWE bladsy begin.
1.3 Kandidate mag slegs die voorgeskrewe aantal vrae benantwoord. Enige ekstra vrae sal nie gemerk word nie. Kandidate moet verkeerde vrae duidelik deurhaal.
1.4 Laat 2 tot 3 lyne tussen die onderafdelings van elke vraag oop.
1.5 Sommige kandidate beantwoord nog steeds die keuse module vrae verkeerd. Slegs TWEE van die modules moet beantwoord word. Indien die kandidaat meer as die voorgeskrewe aantal keuse modules beantwoord sal slegs die eerste twee gemerk word.

2. AFDELING A

Hierdie vraag is VERPLIGTEND en moet deur alle kandidate beantwoord word op die ANTWOORDBLAD soos verskaf. Daar is steeds kandidate wat nie die antwoordblad gebruik om hierdie vraag te beantwoord nie.

Die volgende struktuur vir hierdie afdeling mag in die Junie en Septembereksamens gebruik word.

1.1 MEERVOUDIGE KEUSE VRAE (V1.1.1-1.1.20 – 20 x 3 = 60 PUNTE)
- NASIONALE INKOMSTE (4 VRAE)
- PRYSVORMING (4 VRAE)
- INTERNASIONALE HANDEL (4 VRAE)
- DIE STAAT (4 VRAE)

1.2 WAAR OF ONWAAR VRAE (V 1.2.1-1.2.10 – 10 X 2 = 20 PUNTE)
- Die hele sillabus word in hierdie afdeling gedek.

1.3 VOLTOOI DIE BEGRIP OF EEN WOORD VIR (V 1.3.1 – 1.3.10) - 10 X 2 = 20 PUNTE)
- Die hele afdeling word in hierdie afdeling gedek.

AFDELING A TEL OP NA 100 PUNTE

Kandidate moet ten minste 30 minute op hierdie afdeling bestee.

VRAESTEL 2006

1.3.7 Kandidate moet let op die begrip kapitaalwinsbelasting.
1.3.9 Kandidate moet die rol van industriele ontwikkelings zones/korridors in die Suid-Afrikaanse ekonomie ken. Raadpleeg die graad 12 UGO uitkoms gebaseerde handboeke asook die Ekonomie Tydskrif deur Levin.

3. AFDELING B

Kandidate moet enige VIER vrae uit hierdie afdeling beantwoord.

GENERIESE OPMERKINGS
Die volgende struktuur vir hierdie afdeling kan deur onderwysers in die Junie en September eksamens gebruik word:

Die eerste deel van hierdie afdeling bestaan uit kort direkte tipe vrae waar die kandidaat die regte begrip moet kies op een woord vir ‘n bepaalde begrip moet gee. Die puntestruktuur vir hierdie deel is 2+2+2+2+6=14 punte.

2.2-3.2-4.2-5.2-6.2
In die tweede deel van hierdie afdeling word data respons vrae gevra. Onderwysers moet gebruik maak van huidige ekonomiese nuus om die leerder se vermoe - om teorie prakties toe te pas - te toets. Daar moet gebruik gemaak word van koerante, tydskrifte en ook die Kwartaalblad van die SARB vir die nuutste voorbeelde van grafieke, tabelle en ekonomiese statistiek. Die puntestruktuur vir hierdie deel is 3+3+3+3+6+2=20 punte).

2.3-3.3-4.3-5.3-6.3
In die derde deel van hierdie afdeling word vrae van ‘n hoer kognitiewe aard gevra. Werkwoorde soos BESKRYF en BESKRYF KORTLIKS sal deelvorm van die vrae. Kandidate moet hierdie vrae in VOL SINNE beantwoord. ‘n Bepaalde onderwerp sal deur hierdie vrae getoets word. Twee punte sal vir elke feit toegeken word.

Alle keuse modules word getoets in vraag 7. Kandidate moet SLEGS TWEE modules uit hierdie afdeling beantwoord. (2 X 25 PUNTE = 50 PUNTE). Die vrae in hierdie afdeling word ook in drie dele verdeel, nl. Direkte vrae (8 punte), data respons vrae (0 punte) en kort bespreek vrae (8 punte), dus 8+9+8 = 25 punte X 2 = 50 punte).

VRAESTEL 2006

Vraag 2
2.2 Let asseblief op die verskillende klassifikasies vir ekonomiese aktiwiteite.
2.3 Monetere oorsake vir van die sakesiklus verdien meer aandag.

Vraag 3
3.1.5 Kandidate moet die redes vir buitengewone vraagkurwes ken en ook die voorbeelde.
3.3 Die verhouding tussen Prys, Nut en Waarde verdien meer aandag.

Vraag 4
4.1.5 Ruimtelike ontwikkelings inisiatiewe in die Suid-Afrikaanse ekonomie verdien meer aandag.
4.3 Die rol van die informele sektor moet nie met die kenmerke van hierdie sektor verwar word nie.

Vraag 5
5.1.5 Die vraag en aanbod van buitelandse valute verdien meer aandag. Let op die verskil tussen die begrippe buitelandse en binnelandse valuta.
5.3 Onderwysers moet die nuutste strukture/uiteensetting van Betalingsbalans bestudeer. Gebruik die Kwartaalblad van die SARB om die korrekte indeling te kry.

Vraag 6
6.3 Onderwysers moet kennis dra van die nuutste monetere beleidsinstrumente wat deur die SARB gebruik word om die SA ekonomie te beinvloed. Gebruik die statistieke, grafieke en tabelle in die Kwartaalblad van die SARB.

Vraag 7
7.3 Werkplekforums verdien meer aandag.
7.9 Hierdie afdeling van die sillabus moet in groter detail behandel word.
7.10.3 Kandidate moet die verskil ken tussen hernieude en nie-hernieubare energiebronne binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks.

Kandidate benodig ongeveer 20 minute om elke vraag in hierdie afdeling te beantwoord.

3. AFDELING C

V8-11

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.Opstelle moet goed gestruktureer en in ‘n sistematiese formaat aangebied word. Antwoorde moet ‘n:

- INLEIDING
- LIGGAAM
- GEVOLGTREKKING

bevat.

In die inleiding kan kandidate begrippe en terminologie defineer en kortliks verduidelik. Hulle kan ook kortliks aandui hoe die LIGGAAM van die antwoord gestruktureer gaan word.

By die ligaam moet die vraag wat gevra word in detail beantwoord word. Kandidate mag lyne tussen parragrawe oop los. Hulle mag ook opskrifte en voorbeelde onderstreep. Voorbeelde wat gebruik word moet in konteks van die vraag wees. Kandidate mag hul antwoord indeel in bv. A Kenmerke, B voordele, C nadele. Kandidate moet opstelvrae in VOL SINNE beantwoord.

Kandidate moet die stelling in die slotgedeelte beantwoord: bv. “Ek stem saam met die stelling gegee omrede ....” Kandidate MOET hul argument motiveer deur ‘n rede te gee.

Een van die opstelvrae in hierdie afdeling mag ‘n debat of redenasie van die kandidaat vereis. Indien dit ‘n probleemoplossings tipe vraag is, sal die kanididaat verskillende dele uit die sillabus moet gebruik om die vraag te beantwoord.

VRAESTEL 2006

Vraag 8

Onderwysers moet van verskillende handboeke gebruik maak wanneer hulle hierdie afdeling doseer. Daar is verskillende metodes wat aangewend kan word om nasionale groei te bewerkstellig.

Vraag 9

Die meeste kandidate het hierdie vraag beantwoord. Onderwysers moet daarop let dat asse van grafieke byskrifte moet kry (Prys/hoeveelheid gevra) en dat kandidate in staat moet wees om die verskillende soorte pryselastisiteite te kan bereken. Indien die kandidate tabelle gebruik moet die syfers in die tabel korrespondeer met die soort elastisiteit wat deur die tabel toegelig word.

Vraag 10

Kandidate moes in hierdie vraag die BTW stelsel toets teen die verskillende vereistes vir ‘n goeie belastingstelsel. ‘n Maksimum van 6 punte is toegeken vir elke vereiste (opskrif = 2/verduideliking = 2/toets van BTW = 2). Sommige kandidate het die LBS stelsel verduidelik en geen punte is hiervoor toegeken nie. Kandidate kan nie net se dat BTW is redelik nie – hulle moet verduidelik waarom dit redelik is. (16 punte in totaal is vir die toetsing van BTW in hierdie vraag toegeken.

Vraag 11

Hierdie vraag is baie swak deur die meeste kandidate beantwoord. Kandidate het nie die stelling gegee gebruik in die beantwoording van die vraag nie. Hierdie onderwerp (Armoede) was deel van die addendum tot die ekonomie sillabus wat deur die WKOD in die begin van die jaar na alle skole gestuur is. Skole moet die ekonomie sillabus met hierdie addendum aanvul. Indien u skool nie die addendum ontvang het nie moet u die vakadviseur in u OBOS kontak.

Neem asseblief kennis van die volgende:

Lae inkomste – bestudeer die lewenstandaardmaat (LSM) in Suid-Afrika.

Wanvoeding en lae lewenstandaard – MIV/VIGS-pandemie moet gedek word.

Lae vlakke van onderwys – verwys na die rol en funksie van SETAS in SA.

Sub-standaard dienste en behuising – verwys na die HOP-program in SA.

Die volgende puntestruktuur is vir alle opstel tipe vrae gebruik:

Inleiding = 3 punte
Liggaam = 45 punte maksimum
Gevolgtrekking = 2 punte
TOTAAL 50 punte.

Kandidate benodig ongeveerd 30 minute per opstelvraag.